68 G 559

GOVT PUBL
8 NOV 1996
UCT LIBRARIES


# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 376 CAPE TOWN, 1 NOVEMBER 1996 KAAPSTAD, 1 NOVEMBER 1996 No. 17536


PRESIDENT'S OFFICE

No. 1760. 1 November 1996

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 60 of 1996: Antarctic Treaties Act, 1996.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 1760. 1 November 1996

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 60 van 1996: Wet op Antarktiese Verdrae, 1996.

# ACT

**To provide for the application of certain treaties relating to Antarctica; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 24 October 1996.)*

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise—

(i) "Antarctica" means the area to which a particular treaty applies; (i)

(ii) "Contracting Party" means a Contracting Party to any treaty, and "another Contracting Party" means a "Contracting Party" other than the Government of the Republic; (v)

(iii) "Department" means the Department of Environmental Affairs and Tourism; (ii)

(iv) "Director-General" means the Director-General: Environmental Affairs and Tourism; (iii)

(v) "Minister" means the Minister of Environmental Affairs and Tourism; (vi)

(vi) "regulation" means any regulation made under this Act; (vii)

(vii) "this Act" includes the regulations; (iv)

(viii) "treaty" means an international agreement (howsoever described) relating to Antarctica which in terms of this Act and the Constitution forms part of the law of South Africa and which is mentioned in Schedule 1, and includes any annexure to such international agreement. (viii)

**Application of Act**

**2.** This Act shall apply in Antarctica to—

*(a)* a South African citizen;

*(b)* a person who is not a South African citizen, but who is ordinarily resident in the Republic, except if that person is—

(i) on board any ship, vessel or aircraft that is operating, whether exclusively or not, in support of any expedition organised by the government of another Contracting Party; or

(ii) a citizen of another Contracting Party, while that person is in any part of Antarctica for the purpose of exercising his or her functions, whether as an inspector, observer or other official or exchange scientist contemplated in a treaty;

*(c)* a citizen of another Contracting Party, if immunity of that person has been waived by that Party;

*(d)* any person, whether a South African citizen or not, who is a member of or is responsible for organising an expedition which has been organised in the Republic to visit Antarctica, but not an expedition organised by the government of another Contracting Party;

*(e)* companies, close corporations or other juristic persons registered as such under the laws of the Republic, operating or using any ship, vessel or aircraft registered in the Republic.

**Application and publication of treaty**

**3.** (1) Subject to this Act, the treaties mentioned in Schedule 1 shall form part of the law of the Republic.

# WET

**Om voorsiening te maak vir die toepassing van sekere verdrae met betrekking tot Antarktika; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 24 Oktober 1996.)*

---

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "Antarktika" die gebied waarop 'n bepaalde verdrag van toepassing is; (i)

(ii) "Departement" die Departement van Omgewingsake en Toerisme; (iii)

(iii) "Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal: Omgewingsake en Toerisme; (iv)

(iv) "hierdie Wet" ook die regulasies; (vii)

(v) "Kontrakterende Party" 'n Kontrakterende Party by 'n verdrag en "ander Kontrakterende Party" 'n ander "Kontrakterende Party" as die Regering van die Republiek; (ii)

(vi) "Minister" die Minister van Omgewingsake en Toerisme; (v)

(vii) "regulasie" 'n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig; (vi)

(viii) "verdrag" 'n internasionale ooreenkoms (hoe ook al beskryf) met betrekking tot Antarktika wat ingevolge hierdie Wet en die Grondwet deel uitmaak van die reg van Suid-Afrika en wat in Bylae 1 vermeld word, en ook enige aanhangsel by so 'n internasionale ooreenkoms. (viii)

**Toepassing van Wet**

**2.** Hierdie Wet is in Antarktika van toepassing op—

*(a)* 'n Suid-Afrikaanse burger;

*(b)* 'n persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, maar wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is, tensy daardie persoon—

(i) aan boord van 'n skip, vaartuig of vliegtuig is wat, hetsy uitsluitlik al dan nie, bedryf word ter ondersteuning van 'n ekspedisie wat deur die regering van 'n ander Kontrakterende Party georganiseer word; of

(ii) 'n burger van 'n ander Kontrakterende Party is terwyl daardie persoon in enige deel van Antarktika is vir die doeleindes van die verrigting van sy of haar werksaamhede, hetsy as 'n inspekteur, waarnemer of ander amptenaar of uitruilwetenskaplike beoog in 'n verdrag;

*(c)* 'n burger van 'n ander Kontrakterende Party indien immuniteit van daardie persoon laat vaar is deur daardie Party;

*(d)* 'n persoon, hetsy 'n Suid-Afrikaanse burger al dan nie, wat 'n lid is van of verantwoordelik is vir die organisering van 'n ekspedisie wat in die Republiek georganiseer is om Antarktika te besoek, maar nie 'n ekspedisie wat deur die regering van 'n ander Kontrakterende Party georganiseer is nie;

*(e)* maatskappye, beslote korporasies of ander regspersone wat as sodanig kragtens die wette van die Republiek geregistreer is, wat 'n skip, vaartuig of vliegtuig bedryf of gebruik wat in die Republiek geregistreer is.

**Toepassing en publisering van verdrag**

**3.** (1) Behoudens hierdie Wet maak die verdrae in Bylae 1 vermeld deel uit van die reg van die Republiek.

(2) The Minister shall, as soon as practicable after the promulgation of this Act, cause to be published in the *Gazette* the texts of the treaties mentioned in Schedule 1.

(3) The Minister may by notice in the *Gazette* amend Schedule 1 to reflect the number and date of a *Gazette* in which the treaties were published.

**Powers of Minister where Antarctic environment is damaged, endangered or detrimentally affected**

**4.** (1) If any person to whom this Act applies performs any activity or fails to perform any activity in contravention of a treaty as a result of which the Antarctic environment is or may be seriously damaged, endangered or detrimentally affected, the Minister may in writing direct that person, within a period specified in the direction—

*(a)* to cease that activity; or

*(b)* to take such steps as the Minister may deem fit with a view to eliminating, reducing or preventing the damage, danger or detrimental effect.

(2) The Minister may in writing direct the person referred to in subsection (1) to perform any activity or function, at the expense of that person, with a view to repairing or rehabilitating any damage caused to the Antarctic environment.

(3) If the person referred to in subsection (2) refuses or fails to comply with the direction of the Minister, the Minister may take the necessary steps in order to repair or rehabilitate the damage, and the Minister may authorise any person to take all steps required for that purpose.

(4) The Minister may recover any expenditure incurred in the performance of any function contemplated in subsection (3) from the person who refused or failed to comply with a direction under subsection (2).

(5) This section also applies, with the necessary changes, to acts relating to animals and plants in Antarctica.

**Inspectors, observers and other officials**

**5.** (1) The Minister may—

*(a)* subject to the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994), designate posts in the Department, the incumbents of which shall be inspectors, observers or other officials contemplated in any treaty;

*(b)* by notice in the *Gazette* and with the concurrence of the Minister of Defence designate a particular rank or ranks in the South African Navy, the incumbents of which shall be inspectors, observers or other officials contemplated in any treaty; and

*(c)* by notice in the *Gazette* designate any other person as an inspector, observer or other official contemplated in any treaty.

(2) The incumbent of any post or rank designated under subsection (1)*(a)* and *(b)*, as well as any person designated under subsection (1)*(c)*, shall be furnished by the Director-General, or any other officer designated by the Director-General for that purpose, with an identity card prescribed by regulation, and whenever the incumbent or designated person exercises any power or performs any duty in terms of this Act or any treaty, he or she shall, at the request of any person affected thereby, produce that identity card to that person for inspection.

**Regulations**

**6.** (1) The Minister may make regulations with regard to—

*(a)* the qualifications and functions of persons applying this Act or a treaty, including a person authorised in terms of section 4(3) and the incumbent of a post or rank or any other person designated in terms of section 5(1);

*(b)* the issuing of permits contemplated in any treaty; and

*(c)* generally, any matter which may be necessary or expedient to prescribe in order to achieve the objects of this Act or any treaty.

(2) A regulation made under subsection (1), may provide that any person contravening a provision thereof or failing to comply with a provision thereof, shall be guilty of an

(2) Die Minister laat die tekste van die verdrae in Bylae 1 vermeld so gou doenlik na die uitvaardiging van hierdie Wet in die *Staatskoerant* publiseer.

(3) Die Minister kan Bylae 1 by kennisgewing in die *Staatskoerant* wysig om die nommer en die datum van 'n *Staatskoerant* waarin die verdrae gepubliseer is, weer te gee.

**Bevoegdhede van Minister waar Antarktiese omgewing beskadig, in gevaar gestel of nadelig geraak word**

**4.** (1) Indien enige persoon op wie hierdie Wet van toepassing is in stryd met 'n verdrag 'n handeling verrig of versuim om 'n handeling te verrig met die gevolg dat die Antarktiese omgewing ernstig beskadig, in gevaar gestel of nadelig geraak word of kan word, kan die Minister daardie persoon skriftelik gelas om binne 'n tydperk in die lasgewing vermeld—

(*a*) daardie handeling te staak; of

(*b*) die stappe te doen wat die Minister goeddink ten einde die skade, gevaar of nadelige invloed uit te skakel, te verminder of te voorkom.

(2) Die Minister kan die persoon bedoel in subartikel (1) skriftelik gelas om op daardie persoon se eie koste enige handeling of werksaamheid te verrig ten einde enige skade wat aan die Antarktiese omgewing aangerig is, te herstel of te rehabiliteer.

(3) Indien die persoon bedoel in subartikel (2) weier of versuim om aan die lasgewing van die Minister te voldoen, kan die Minister die nodige stappe doen ten einde die skade te herstel of te rehabiliteer, en die Minister kan enige persoon magtig om alle stappe wat vir daardie doel nodig is, te doen.

(4) Die Minister kan enige uitgawe wat by die verrigting van enige werksaamheid beoog in subartikel (3) aangegaan is, verhaal op die persoon wat geweier of versuim het om aan 'n lasgewing kragtens subartikel (2) te voldoen.

(5) Hierdie artikel is, met die nodige wysigings, ook van toepassing op handelinge met betrekking tot diere en plante in Antarktika.

**Inspekteurs, waarnemers en ander amptenare**

**5.** (1) Die Minister kan—

(*a*) behoudens die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), poste in die Departement aanwys waarvan die bekleërs inspekteurs, waarnemers of ander amptenare in 'n verdrag beoog, moet wees;

(*b*) by kennisgewing in die *Staatskoerant* en met die instemming van die Minister van Verdediging, 'n besondere rang of range in die Suid-Afrikaanse Vloot aanwys waarvan die bekleërs inspekteurs, waarnemers of ander amptenare in 'n verdrag beoog, moet wees; en

(*c*) by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige ander persoon as inspekteur, waarnemer of ander amptenaar in 'n verdrag beoog, aanwys.

(2) Die bekleër van 'n pos of rang aangewys kragtens subartikel (1)(*a*) en (*b*), asook 'n persoon aangewys kragtens subartikel (1)(*c*), moet deur die Direkteur-generaal, of enige ander beampte deur die Direkteur-generaal vir dié doel aangewys, voorsien word van 'n identiteitskaart soos by regulasie voorgeskryf, en die bekleër of aangewese persoon moet wanneer hy of sy ingevolge hierdie Wet of 'n verdrag 'n bevoegdheid uitoefen of 'n plig verrig, en op versoek van iemand wat daardeur geraak word, daardie identiteitskaart aan so iemand ter insae toon.

**Regulasies**

**6.** (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende—

(*a*) die kwalifikasies en werksaamhede van persone wat hierdie Wet of 'n verdrag toepas, met inbegrip van 'n persoon wat ingevolge artikel 4(3) gemagtig is en die bekleër van 'n pos of rang of enige ander persoon wat ingevolge artikel 5(1) aangewys is;

(*b*) die uitreiking van permitte in 'n verdrag beoog; en

(*c*) in die algemeen, enige aangeleentheid wat nodig of dienstig is om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet of 'n verdrag te verwesenlik.

(2) 'n Regulasie kragtens subartikel (1) uitgevaardig, kan bepaal dat 'n persoon wat 'n bepaling daarvan oortree of versuim om daaraan te voldoen aan 'n misdryf skuldig

offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding five years.

**Delegation**

**7.** The Minister may on such conditions as he or she may deem fit, delegate or assign any power or duty conferred upon or assigned to him or her by this Act, excluding the power to make regulations, to any officer or employee of the Department.

**Jurisdiction**

**8.** For the purposes of the application of this Act, Antarctica shall be deemed to be situated within the magisterial district of Cape Town.

**Offences**

**9.** Any person who contravenes a provision of a treaty mentioned in Column 1 of Schedule 2 shall, subject to the particular treaty, be guilty of an offence and on conviction liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding the period mentioned in Column 2 of that Schedule opposite the number of that provision.

**Saving**

**10.** Nothing in this Act shall affect the rights or the exercise of the rights of any country under international law with regard to the high seas within Antarctica.

**Application of Act to Prince Edward Islands**

**11.** Where, by virtue of the definition of "Antarctica", a treaty is applicable to the Prince Edward Islands, referred to in section 1 of the Prince Edward Islands Act, 1948 (Act No. 43 of 1948), this Act shall also apply to those islands.

**Application of Act in event of conflict with certain other laws**

**12.** In the event of any conflict between the provisions of this Act and those of the Prince Edwards Islands Act, 1948 (Act No. 43 of 1948), the South African Citizens in Antarctica Act, 1962 (Act No. 55 of 1962), the Sea Birds and Seals Protection Act, 1973 (Act No. 46 of 1973), the Sea Fishery Act, 1988 (Act No. 12 of 1988), and the Maritime Zones Act, 1994 (Act No. 15 of 1994), the provisions of this Act shall prevail.

**State bound**

**13.** This Act shall bind the State except in so far as criminal liability is concerned.

**Short title**

**14.** (1) This Act shall be called the Antarctic Treaties Act, 1996, and shall come into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

(2) The date contemplated in subsection (1) shall be a date after the publication of the treaties in terms of section 3(2).

is en by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar.

**Delegasie**

**7.** Die Minister kan enige bevoegdheid of plig wat by hierdie Wet aan hom of haar verleen of opgedra is, uitgesonderd die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, aan enige beampte of werknemer van die Departement delegeer of opdra op die voorwaardes wat hy of sy goedvind.

**Jurisdiksie**

**8.** Vir doeleindes van die toepassing van hierdie Wet word Antarktika geag binne die landdrosdistrik van Kaapstad geleë te wees.

**Misdrywe**

**9.** Enige persoon wat 'n bepaling van 'n verdrag vermeld in Kolom 1 van Bylae 2 oortree, is, behoudens die besondere verdrag, skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk wat die tydperk vermeld in Kolom 2 van daardie Bylae teenoor die nommer van daardie bepaling nie oorskry nie.

**Voorbehoud**

**10.** Geen bepaling in hierdie Wet doen afbreuk aan die regte of die uitoefening van die regte van enige land kragtens die volkereg met betrekking tot die oop see binne Antarktika nie.

**Toepassing van Wet op Prince Edward-eilande**

**11.** Waar 'n verdrag uit hoofde van die omskrywing van "Antarktika" op die Prince Edward-eilande, bedoel in artikel 1 van die Wet op die Prince Edward-eilande, 1948 (Wet No. 43 van 1948), van toepassing is, is hierdie Wet ook van toepassing op daardie eilande.

**Toepassing van Wet in geval van botsing met sekere ander wette**

**12.** In die geval van 'n botsing tussen die bepalings van hierdie Wet en dié van die Wet op die Prince Edward-eilande, 1948 (Wet No. 43 van 1948), die Wet op Suid-Afrikaanse Burgers in die Antarktika, 1962 (Wet No. 55 van 1962), die Wet op die Beskerming van Seevoëls en Robbe, 1973 (Wet No. 46 van 1973), die Wet op Seevissery, 1988 (Wet No. 12 van 1988) en die Wet op Maritieme Sones, 1994 (Wet No. 15 van 1994), het die bepalings van hierdie Wet voorrang.

**Staat gebonde**

**13.** Hierdie Wet bind die Staat behalwe vir sover dit strafregtelike aanspreeklikheid betref.

**Kort titel**

**14.** (1) Hierdie Wet heet die Wet op Antarktiese Verdrae, 1996, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Die datum beoog in subartikel (1) moet 'n datum na die publisering van die verdrae ingevolge artikel 3(2) wees.

## SCHEDULE 1

I Antarctic Treaty
II Protocol on Environmental Protection to the Antarctic Treaty
III Convention for the Conservation of Antarctic Seals
IV Convention on the Conservation of Antarctic Marine Living Resources

## SCHEDULE 2

| Column 1 | Column 2 |
|---|---|
| **I. Antarctic Treaty** | |
| *(a)* Article I (Use of Antarctica for purposes other than peaceful purposes) | Five years |
| *(b)* Article V (Nuclear explosions and disposal of radioactive waste material) | Twenty years |
| **II. 1. Protocol on Environmental Protection to the Antarctic Treaty** | |
| *(a)* Article 3 (Activities damaging the Antarctic environment) | Two years |
| *(b)* Article 7 (Mineral resource activities) | Five years |
| 2. *Annex II to the Protocol on Environmental Protection to the Antarctic Treaty: Conservation of Antarctic Fauna and Flora* | |
| *(a)* Article 3 (Taking of or harmful interference with animals or plants) | One year |
| *(b)* Article 4 (Introducing foreign animals or plants into Antarctica) | Two years |
| 3. *Annex III to the Protocol on Environmental Protection to the Antarctic Treaty: Waste Disposal and Waste Management* | |
| *(a)* Articles 2 to 6 (Disposal or storage of waste) | One year |
| *(b)* Article 7 (Introducing a prohibited product in Antarctica) | One year |
| 4. *Annex IV to the Protocol on Environmental Protection to the Antarctic Treaty: Prevention of Marine Pollution* | |
| *(a)* Article 3 (Discharge of oil or oily mixture into the sea) | Five years |
| *(b)* Article 4 (Discharge of noxious liquid or chemical substance into the sea) | Five years |
| *(c)* Article 5 (Disposal of garbage into the sea) | Two years |
| *(d)* Article 6 (Discharge of sewage into the sea) | Two years |
| 5. *Annex V to the Protocol on Environmental Protection to the Antarctic Treaty: Area Protection and Management* | |
| *(a)* Article 3 (Entry into Antarctic Specially Protected Area) | One year |
| *(b)* Article 8 (Damaging, removing or destroying a historic site or monument) | Two years |
| **III Convention for the Conservation of Antarctic Seals** | |
| *(a)* Article 2 (Capturing or killing of seals) | Two years |
| **IV Convention on the Conservation of Antarctic Marine Living Resources** | |
| *(a)* Article II (Harvesting of marine living resources) | Five years |

## BYLAE 1

I Antarktiese Verdrag
II Protokol oor Omgewingsbeskerming by die Antarktiese Verdrag
III Konvensie vir die Bewaring van Antarktiese Robbe
IV Konvensie oor die Bewaring van Antarktiese Mariene Lewende Hulpbronne

## BYLAE 2

| Kolom 1 | | Kolom 2 |
|---|---|---|
| **I.** | **Antarktiese Verdrag** | |
| *(a)* | Artikel I (Gebruik van Antarktika vir ander doeleindes as vreedsame doeleindes) | Vyf jaar |
| *(b)* | Artikel V (Kernontploffings en wegdoen van radioaktiewe afvalmateriaal) | Twintig jaar |
| **II** 1. | **Protokol oor Omgewingsbeskerming by die Antarktiese Verdrag** | |
| *(a)* | Artikel 3 (Bedrywighede wat die Antarktiese omgewing beskadig) | Twee jaar |
| *(b)* | Artikel 7 (Minerale hulpbron-bedrywighede) | Vyf jaar |
| 2. | *Aanhangsel II by die Protokol oor Omgewingsbeskerming by die Antarktiese Verdrag: Bewaring van Antarktiese Fauna en Flora* | |
| *(a)* | Artikel 3 (Neem van of skadelike inmenging met diere of plante) | Een jaar |
| *(b)* | Artikel 4 (Inbring van vreemde diere of plante in Antarktika) | Twee jaar |
| 3. | *Aanhangsel III by die Protokol oor Omgewingsbeskerming by die Antarktiese Verdrag: Wegdoen van Afval en Afvalbestuur* | |
| *(a)* | Artikels 2 tot 6 (Wegdoen of stoor van afval) | Een jaar |
| *(b)* | Artikel 7 (Inbring van 'n verbode produk in Antarktika) | Een jaar |
| 4. | *Aanhangsel IV by die Protokol oor Omgewingsbeskerming by die Antarktiese Verdrag: Voorkoming van Mariene Besoedeling* | |
| *(a)* | Artikel 3 (Uitlating van olie of olierige mengsel die see in) | Vyf jaar |
| *(b)* | Artikel 4 (Uitlating van skadelike vloeistof of chemiese stof die see in) | Vyf jaar |
| *(c)* | Artikel 5 (Wegdoen van vullis die see in) | Twee jaar |
| *(d)* | Artikel 6 (Wegdoen van rioolvullis die see in) | Twee jaar |
| 5. | *Aanhangsel V by die Protokol oor Omgewingsbeskerming by die Antarktiese Verdrag: Gebiedsbeskerming en -bestuur* | |
| *(a)* | Artikel 3 (Binnekoms in 'n Antarktiese Spesiaalbeskermde Gebied) | Een jaar |
| *(b)* | Artikel 8 (Beskadiging, verwydering of vernietiging van 'n historiese plek of monument) | Twee jaar |
| **III** | **Konvensie vir die Bewaring van Antarktiese Robbe** | |
| *(a)* | Artikel 2 (Vang of doodmaak van robbe) | Twee jaar |
| **IV** | **Konvensie oor die Bewaring van Antarktiese Mariene Lewende Hulpbronne** | |
| *(a)* | Artikel II (Oes van mariene lewende hulpbronne) | Vyf jaar |